**<u>TRANSFORMASIE INISIATIEWE WAT DEUR SSK INGESTEL WORD</u>**

1. **DEFINISIES**

In hierdie dokument het die volgende woorde en uitdrukkings die betekenis soos onder uiteengesit en dra verwante uitdrukkings ooreenstemmende betekenisse tensy uitdruklik anders bepaal of deur die konteks aangedui –

1.1 "**HDP's**" beteken histories benadeelde persone soos gedefinieer in artikel 3(2) van die Mededingingswet, nr. 89 van 1998, welke artikel bepaal dat iemand 'n histories benadeelde persoon is, indien daardie persoon –

1.1.1 een van 'n kategorie van individue is wat, voordat die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1993 (Wet nr. 200 van 1993), in werking getree het, benadeel is deur onregverdige diskriminasie op die grondslag van ras;

1.1.2 'n vereniging is, waarvan die meerderheid van lede individue is na wie in klousule 1.1.1 verwys word;

1.1.3 'n regspersoon is, behalwe 'n vereniging, en individue na wie in in klousule 1.1.1 verwys word, 'n meerderheid van die uitgereikte aandelekapitaal of ledebelang daarvan besit en beheer en in staat is om 'n meerderheid van die stemme daarvan te beheer; of

1.1.4 'n regspersoon of vereniging is, en persone na wie in klousules 1.1.1, 1.1.2 of 1.1.3 verwys word, 'n meerderheid van die uitgereikte aandelekapitaal of ledebelang daarvan besit en beheer en in staat is om 'n meerderheid van die stemme daarvan te beheer.

1.2 "**HLK**" beteken Humansdorpse Landbou Korporasie Eiendoms Beperk, die opvolger in reg en titel van, en wat geregistreer is bygevolg van die omskakeling van Die Humansdorpse Landbou Koöperasie Beperk van 'n koöperasie na 'n privaat maatskappy;

1.3 "**Umtiza**" beteken Umtiza Farmers Corp Eiendoms Beperk;

1.4 "**SSK Lidmaatskap Bystandsfonds**" beteken 'n fonds daargestel deur SSK om HDP's by te staan om die aangewese 4000 aandele in SSK te bekom indien hulle vir SSK lidmaatskap kwalifiseer.

2. **TRANSFORMASIE INISIATIEWE**

Indien jy 'n landbouer in die bedieningsareas van SSK, HLK of Umtiza is, en kwalifiseer as 'n HDP, neem asseblief kennis van die volgende:

2.1 SSK poog om geskikte HDP kandidate te identifiseer om aansoek te doen vir lidmaatskap van SSK.

2.2 SSK sal kwalifiserende kandidate van befondsing voorsien deur middel van die SSK Lidmaatskap Bystandsfonds.

2.3 SSK hou tans minstens 3 (drie) keer per jaar lidmaatskap werwings geleenthede. Sodanige werwings geleenthede sal voortgesit word vir periodes van 3 (jaar) wat op die volgende datums verstryk in die onderskeie bedieningsareas: 31 Maart 2027 in die SSK bedieningsarea; 6 Junie 2028 in die Umtiza bedieningsarea; en 8 Augustus 2028 in die HLK bedieningsarea.

2.4 Inligting insake die volgende lidmaatskap werwings geleentheid in jou area sal op sosiale media en die SSK webtuiste gepubliseer word.

**Kontak asseblief vir Andre Joubert by andre.joubert@ssk.co.za of 028 514 8600 insake enige vrae oor die voorgaande of indien jy hulp benodig vir doeleindes van aansoek om lidmaatskap van SSK.**